

# 21

## GOD SE GESIN

# Ons is deel van God se gesin

### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders en ouers moet weet dat gelowiges deel van God se huisgesin is.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

- Die kinders en ouers moet verstaan dat hulle self deel van God se huisgesin is.

##### **Gesindheid**

- Die ouers en kinders moet bly en dankbaar wees dat hulle God se kinders mag wees.

##### **Vaardigheid**

- Die ouers en kinders moet saam as *God se familie* by die Kerk betrokke raak.

#### **MEER INLIGTING (Efesiërs 2: 19)**

Dit is nie altyd maklik om op aarde te leef nie. Gelowige mense kry ook swaar. Die goeie nuus is dat God se kinders nie alleen op aarde is nie. Hy is by ons deur die Heilige Gees, en ons is hier om mekaar te versorg, want ons is God se huisgesin.

In die kerk hoor ons saam met ander gelowiges dat God ons liefhet. Ons hoor van die genade in Christus en ons hoor van die goeie dinge wat God doen. Ons hoor in die kerk ook dat ons 'n nuwe lewe het.

Die nuwe lewe wat ons as die huisgesin van God het, is dat God ons na Hom toe terugbring het. Ons almal is nou naby aan God, maar ook naby aan mekaar. Nou het ons weer hoop op die toekoms, want ons gaan saam met God die toekoms in. Die nuwe lewe in Christus gaan daarvoor dat ons nie moedeloos word oor die toekoms of oor swaar omstandighede nie, maar dat ons weet dat God regeer en dat Hy ons sal versorg soos Hy dink die beste is. Die nuwe

lewe beteken dat ons gemoedsrus het, want God is altyd daar, en Hy sal die dinge wat Hy aan ons belowe het, laat gebeur.

As gesin van God word ons dus saam met alle ander gelowiges in die kerk versterk in ons geloof. Ons weet dat God ons in sy hande hou. Maar soos God die Vader ons in sy hande versorg, moet ons ook as broers en susters ons hande na mekaar uitsteek en mekaar elke dag versorg en help.

Baie van ons het familie wat in die buiteland woon. Daar is nefies en niggies in Australië, soms ooms en tannies in Kanada, of Engeland, of Amerika, of elders. Tog bly hulle familie, al woon hulle regoor die wêreld. Die feit dat hulle ons familie is, sal nooit verander nie. Ons word gebind deur familiebande.

Gelowiges is net soos 'n familie. Ons is almal God se kinders. Ons het almal familie geword, kinders van een Vader, toe Jesus Christus ons met sy dood en opstanding met ons Vader kom versoen het. Ons kan daarom sê dat ons, almal wat glo, soos 'n groot huisgesin is. God is ons Vader en ons is mekaar se broers en susters. Dit is ook hoekom die predikant tydens die erediens 'n gemeente aanspreek as *Broers en Susters*.

Huisgesinne, oupas, oumas, pa's, ma's, kinders en kleinkinders kuier bymekaar en luister na alles wat met mekaar gebeur en wat elkeen nodig het. Dit is ook met gelowiges só. Ons gaan kerk toe. By die kerk gebeur twee belangrike dinge. Die eerste is dat ons voor en na die diens luister na mekaar se stories en só hoor hoe dit met mekaar gaan. So kom ons agter met wie dit swaar gaan en wat ons kan doen om te help. Die ander baie belangrike ding wat by die kerk gebeur, is dat ons in die kerk, tydens die erediens, ook hoor wat God sê. Hy verseker ons elke keer opnuut van ons verlossing en dat Hy ons sal versorg. Hy roep ons ook op om na mekaar en almal wat ons nodig het, om te sien.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Die kinders moet gesinsfoto's saambring vir die klasaktiwiteit.
- Gekleurde A1-karton.
- Opskrif bo-aan karton: God se gesinsfoto.
- In die middel van die karton groot geskryf: GOD. Die kinders gaan hulle gesinsfoto's rondom dit plak.
- Genoeg gekleurde penne, potlode, linte en verskeie mooi goed om die gesinsfoto mee mooi te maak.

## **KOM ONS BEGIN**

Laat 'n paar kinders en ouers vertel van al die goeie dinge wat dié week met hulle gebeur het. Open met Gesang 200: 1 as gebed.

*U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie –  
wie word daardeur nie diep getref!  
Niks anders bring vir ons die heil nie –  
ons wil ons hart tot U verhef.*

*Aan U alleen ons dank en ere –  
U wat ons in u liefde lei.  
U sal ons nooit vergeet nie, Here –  
U wil ons in u waarheid lei. Amen.*

## HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders dit wat hulle oor hulle gawes en talente neergeskryf het, voorlees. Bespreek dit kortliks.
- Kontroleer of hulle minstens vyf gawes kan opnoem.

Ons lees in Romeine 12 van die volgende gawes:

- Om God se boodskap te verkondig.
- Om te dien.
- Om onderrig te gee.
- Om leiding te gee.
- Om hulp aan te bied sonder om enigiets terug te verwag.
- Om blymoedig te wees.

In 1 Korintiërs 12 lees ons van die ander gawes:

- Om wysheid oor te dra.
- Om kennis te hê.
- Om geloof te hê.
- Om ander gesond te maak.
- Om wonders te kan doen.
- Om in tale te kan praat.
- Om regte en verkeerde dinge van mekaar te onderskei.

- Laat hulle vertel waar hulle en die dominee besluit het hulle betrokke gaan raak in die gemeente.

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Baie van ons het familie wat in die buiteland woon. Daar is boeties en sussies, nefies en niggies in Australië, soms ooms en tannies in Kanada, of Engeland, of Amerika, of elders. Tog bly hulle ons familie, al woon hulle op 'n ander plek. Die feit dat hulle ons ouers se broers en susters is, sal nooit verander nie. Ons word gebind deur familiebande.

### IETS INTERESSANT

Gebruik die besonderhede by MEER INLIGTING en verduidelik dat ons in die kerk soos een groot familie is. God se kinders kry ook swaar op aarde. Die goeie nuus is dat sy kinders nie alleen op aarde is nie. Die Heilige Gees versorg ons, want ons is God se huisgesin.

### Maar hoe werk die versorging?

- Ons almal is nou naby aan God, maar ook naby aan mekaar.
- Ons word nie moedeloos oor die toekoms, of oor moeilike omstandighede nie.

- Ons weet dat God wat regeer, ons sal versorg soos Hy dink die beste is.
- As gesin van God word ons dus saam met alle ander gelowiges in die kerk versterk in ons geloof.
- Soos God die Vader ons in sy hande versorg, moet ons ook as broers en susters ons hande na mekaar uitsteek en mekaar elke dag versorg en help.
- Dit is ook hoekom die predikant tydens die erediens 'n gemeente aanspreek as *Broers en Sisters*.

#### **By die kerk gebeur twee belangrike dinge:**

- Ons luister na mekaar se omstandighede, en só hoor ons hoe dit met mekaar gaan. So kom ons agter wie swaarkry en dat ons mekaar moet help.
- By die kerk hoor ons ook wat God sê. Hy verseker ons elke keer opnuut van ons verlossing en dat Hy ons sal versorg.

#### **Maar:**

God gebruik ons oë en harte en hande. Ons moet mekaar se nood raaksien. Ons harte moet brand om mekaar te help. Ons moet ons hande uitsteek en hulp verleen, want ons is mos familie, broers en susters, met 'n liefdevolle Vader.

#### **Lees Efesiërs 2: 19.**

Laat die kinders vertel wat God se kinders behoort te doen. Voorbeelde: Kos koop vir armes, siekes dokter toe vat, oumense se kruideniersware gaan koop, gras sny, kar was, mense sonder vervoer oplaai kerk toe... Laat hulle nog soortgelyke voorbeelde opnoem.

#### **IETS BELANGRIK**

Skerp die volgende in:

- In die kerk is ons soos een groot familie – God se familie.
- God se familie kry ook swaar op aarde.
- Die goeie nuus is dat ons nie alleen op aarde is nie.
- Die Heilige Gees versorg ons, want ons is God se huisgesin.
- Ons almal is nou naby aan God, maar ook naby aan mekaar.
- Ons weet dat God wat regeer, ons sal versorg soos Hy dink die beste is.
- Soos God die Vader ons versorg, moet ons ook mekaar elke dag versorg en help.
- By die kerk luister ons na mekaar se omstandighede, en só kom ons agter wie swaarkry.
- God gebruik ons oë en harte en hande.
- Ons moet mekaar se nood raaksien en ons hande uitsteek en hulp verleen.

#### **IETS OM TE DOEN**


- Laat die kinders hulle gesinsfoto's bring en dit rondom die woord GOD in die middel van die A1-karton plak.
- Die gedagte rondom die foto's is –
  - om die idee van die gemeente, wat almal saam God se gesin is, te versterk.
  - om te beklemtoon dat GOD die absolute middelpunt van ons lewe moet wees.
- Plak die kanton teen die muur en hou dit daar vir die res van die jaar.

## BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende by die huis doen.

### DOEN

- Die ouers en kinders –
  - raak betrokke by gemeente-aktiwiteite.
  - skakel met die voorsitter van hulle diakonie of leiers van diensgroepe en bied hulp aan om mense te help wat nood het.
- Die ouers kyk weer saam met hulle kinders na die onderstaande diagram en bespreek wat alles beteken.



## **AFSLUITING**

Vra 'n gewillige ouer om in sy kind se boek te kyk en Gesang 532: 1 en 3 as gebed te lees.

*Ons Vader, neem ons hande  
en maak ons één.  
Versterk U self die bande –  
gee ons u seën.  
Bind ons in u genade aan U, o Heer,  
en leer ons om met dade u Naam te eer.*

*Leer ons mekaar vergewe,  
mekaar vertrou.  
Laat ons die hele lewe  
op liefde bou.  
Laat heers oor ons u vrede,  
en bind ons saam.  
Verhoor tog ons gebede  
in Jesus Naam. Amen.*